

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 10**

**8 Maart 2026**

# Nagmaal

## ‘n Uitnodiging na die Tafel (2)

**Vernuwing en eenheid aan die tafel**
Nagmaal gaan nie net daaroor dat ons terugkyk nie. Dit is ook ‘n daad van vernuwing. Die tafel versterk ons vir die pad vorentoe. Dit nooi ons om ons harte te ondersoek, vergifnis te vra en dieselfde vergifnis aan ander te betoon. Dit bind die gemeenskap van gelowiges saam en herinner ons dat ons een liggaam is. Of dit nou in ‘n kerkgebou, ‘n huis of by ‘n klein byeenkoms plaasvind, om nagmaal saam te gebruik skep ‘n eenheid wat agtergrond, kultuur en omstandighede oorskry.

**‘n Voorsmaak van die Koninkryk**
Een van die mooiste aspekte van nagmaal is dalk die boodskap van hoop. Jesus het verklaar dat Hy eendag weer die beker saam met ons in Sy Vader se Koninkryk sal drink (Matt 26:29). Elke keer wat ons deelneem, sien ons uit na daardie toekomstige fees – ‘n belofte dat Jesus sal terugkeer en dat alles nuut gemaak sal word. Nagmaal rig ons oë op die ewigheid en vul ons met verwagting en sekerheid.

**Kom net soos jy is**
Die uitnodiging na die tafel is oop vir almal wat glo. Dit is ‘n uitnodiging om te kom soos jy is, om genade vrylik te ontvang en weer daaraan herinner te word dat jy diep geliefd is. Nagmaal verkwik die siel, herfokus die gees en verdiep ons dankbaarheid vir die offer wat alles verander het. Wanneer ons die uitnodiging aanvaar betree ons ‘n oomblik waar Christus ons ontmoet, ons voed en ons vernuwe uitstuur. – Dominic Symes

**Dankie!**

Dat ons deur Sy genade kan deel aan die feesmaaltafel en nie op grond van eie verdienste nie!
Dat ons kan deelneem as kinders van God wat welkom is!
Dat ons kan onthou dat die kruis nie die einde was nie, maar die begin van nuwe lewe!
Vir die welkome reën oor groot dele van ons land!
Vir genesing en herstel in baie lidmate se lewens!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Ook vir die areas en mense waar dit nog bitter droog is.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie — Hettie Singleton
- Annie Brink — Jaco Meyer
- Johnny Viviers — Juanita Rossouw
- Leonie Kruger — Janine Vorster
- Jillian Jansen — Spokie Vorster
- Oom Piet Pretorius — Nettie Badenhorst
- Marcel Holtzhausen — Jaap Naudé
- Marinda Jordaan — Johan Oosthuizen
- Amanda J van Rensburg — Hannelie Ball
- Tannie Sannie Wentzel — Hazel de Villiers
- Moos Nel — Dina Roothman

**Gedagte vir die week**

**Nagmaal rig ons oë op die ewigheid**
**en**
**vul ons met verwagting en sekerheid.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org